

2 November

Skrifgedeelte: Johannes 14:25-15:8

Die werklike vrede by die Here

Ware vrede (14:27) is nie om geen probleme te hê nie. So 'n "valse" vrede kan 'n ongelowige dalk ook ondervind. Die ware vrede is om soos 'n tak te wees wat vas is aan die wingerdstok, Jesus Christus (15:1,2). Maar hoe weet jy dat jy hierdie vrede het en wat beteken hierdie vrede vir jou? Eerstens word jy deur die Heilige Gees geleer en herinner aan die evangelie wat Jesus gebring het (14:26). Vrede begin by hierdie kennis van die Woord van God. Die Heilige Gees wys jou op die basiese feite van jou geloof: Jesus het vir my gesterf; die Here is altyd by my; die Here lei my en nog baie meer. Tweedens kry jy as tak die krag van die wingerdstok af (15:4). Jy sien die vrugte van die geloof in jou eie lewe. Net die feit dat jy hierdie dagstukkies lees, moet vir jou 'n versekering wees dat jy besig is om vrugte te dra. Jy ervaar dit in jou liefde vir God en vir jou naaste. Jy het die sekerheid dat jy nie een van die takke is wat weggesnoei en weggegooi is nie. Hierdie takke is mense wat nooit werklik in die Here geglo het nie en wat nooit werklik die liefde vir God gehad het nie. Derdens kry jy vrede in jou gebedslewe (15:7,8). Jy besef hoe naby God aan jou is en hoe naby jy aan Hom is. Hierdie band met die Here dring jou en lei jou om te bid. So ondervind jy ware vrede by jou hemelse Vader. Dank die Here dat Hy hierdie vrede ook aan jou gegee het (Fil 4:6,7).

Sing: Psalm 34:6

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)